higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MOTORBAKWERKTEORIE N2

1 Desember 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 C
1.3 C
1.4 B
1.5 C
1.6 A
1.7 B
1.8 A
1.9 A
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 F
3.3 B
3.4 H
3.5 A
3.6 E
3.7 J
3.8 G
3.9 I
3.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 gedra
4.2 oranje
4.3 battery
4.4 metaal
4.5 kruiper

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

- Bepaal eers die omvang van die skade.
- Kies al die gereedskap wat nodig is, bv., elektriese knipper, skuurmasjien, ens.
- Die snylyn moet afgemerk word.
- Die paneel moet baie netjies afgesny word omdat dit makliker sal wees om die nuwe paneel netjiese te pas.
- 'n Elektriese knipper word gebruik.
- Die rand van die gedeelte wat verwyder moet word, moet teruggesny word.
- Die puntsweislaste moet met 'n boor van ongeveer 5 mm uitgeboor word.
- Indien die paneel nie weer gebruik gaan word nie, kan dit langs die randte afgerond word.
- Die oorslaglas of gesonke oorslaglas moet gebruik word.
- Onthou om vir die gevoude randte toe te laat.
- Die nuwe paneel word onder die rand van die ou paneel geplaas.
- Die las kan deur puntsweiswerk of klinkwerk bevestig word.
- Om te verhoed dat die hitte na die buitekant versprei, kan nat asbespap aan die buitekant van die paneel geplaas word.
- Vir afronding word die rand van die paneel om die raam gevou en met puntsweiswerk bevestig.
- Aan die buitekant van die paneel word die naat nou met bakwerksoldeersel gevul.
- Om suksesvol te vul, moet die werkvlak deeglik skoongemaak word.
- Die oppervlak moet eers vertin word.
- Die hitte moet tot 'n minimum beperk word om kromtrekking te voorkom.
- Die bakwerksoldeersel word nou met 'n vyl afgevyl.
- Finale afronding word met 'n skuurmasjien gedoen.

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1
- Die verf moet nie te dik wees nie
- Die sproeispuit moet nie te ver van die werkvlak gehou word nie.
- Die lugdruk moet korrek verstel word en moenie te hoog of te laag wees nie.
- Die oppervlak moet nie te koud wees nie.
- Die oppervlak moet nie te warm wees nie. (5)

6.2
- Die oppervlak om die gedeelte wat geverf moet word, moet met maskeerband bedek word.
- Die is veral van toepassing op chroomstroke; paper kan gebruik word om groot oppervlakke te bedek.
- Die onderlaag word met gelyke hoeveelhede verdunner gemeng en goed geroer.
- Die eerste laag moet baie dun en deeglik droog wees; 'n tweede, dikker laag word aangewend om fyn krappies te bedek.
- Laat die oppervlak vir 30 minute staan om droog te word. (5)

6.3
- Die korrekte hantering van die sproeispuit is baie belangrik.
- Die sproeispuit moet 150 mm tot 250 mm vanaf die oppervlak wat geverf word, gehou word.
- Die sproeispuit moet altyd teen die regte hoek met die werkoppervlak gehou word.
- Die sproeispuit moet parallel met die oppervlak beweeg word.
- Die beweging moenie in die middel van 'n strook onderbreek word nie. (5)

6.4
- Te veel verf is aangewend.
- Die verf was te dun.
- Die sproeispuit was te naby aan die werkoppervlak.
- Koue atmosfeer vertraag die droogwordproses.
- Sproeiverstelling is te diep ingedraai. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 7

7.1
- Gedeeltelike paneelvervanging
- Volledige paneelvervanging (2)

7.2
- Stuiklas
- Oorslaglas
- Gesonke oorslaglas
- Flenslas (4)

7.3
- Dit ondersteun die dak
- Dit ondersteun die voor- en agterdeure
- Dit skei die voor- en agterdeur (3)

7.4
- Deure
- Bagasiebakdeksel
- Dakpaneel
- Modderskerms (4)

7.5 Die puntsweislas moet met 'n boortjie van 5 mm in deursnee uitgeboor word.✓✓ (2)

7.6
- Walsing of persgroewe
- Ondersteunende klampe en plate
- Geboë oppervlak
- Die U-vorm
- Twee U-vorms wat aanmekaargesweis is (5)

7.7
- Die sproeispuit is te ver van die oppervlak af gehou
- Die lugdruk was te hoog
- Die verf was te dun
- Swak verdunner is gebruik
- Die verkeerde sproeitegniek is gebruik
- Die vloeistofbeheerklep nie korrek verstel nie (Enige 5 × 1) (5)

7.8
- Die kompressor moet gelyk op die vloer wees met die vliegwiel aan die muur se kant.
- Indien enigsins moontlik, behoort 'n kompressor in 'n afsonderlike gebou gehuisves te word.
- Dit moet ver genoeg (ongeveer 300 mm vanaf die muur geplaas word sodat lug rondom kan sirkuleer.
- Die kompressor moet so na as moontlik aan die spuitverfhokkie wees.
- Die afstand tussen die inlaat en die kompressor moet so kort as moontlik wees.
- Die kompressor moet geplaas word waar die maksimum hoeveelheid, skoon, droë, koel lug beskikbaar is. (Enige 5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou